higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ALGEMENE GASVRYHEID
NKR VLAK 4

24 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	D		
	1.1.2	B		
	1.1.3	A		
	1.1.4	C		
	1.1.5	B		
	1.1.6	C		
	1.1.7	B		
	1.1.8	D		
	1.1.9	A		
	1.1.10	B		
	1.1.11	C		
	1.1.12	A		
	1.1.13	D		
	1.1.14	A		
	1.1.15	D	(15 × 1)	(15)
1.2	1.2.1	F		
	1.2.2	D		
	1.2.3	A		
	1.2.4	B		
	1.2.5	E	(5 × 1)	(5)
1.3	1.3.1	Onwaar		
	1.3.2	Waar		
	1.3.3	Waar		
	1.3.4	Onwaar		
	1.3.5	Waar		
	1.3.6	Onwaar		
	1.3.7	Onwaar		
	1.3.8	Waar		
	1.3.9	Waar		
	1.3.10	Onwaar		
	1.3.11	Onwaar		
	1.3.12	Onwaar		
	1.3.13	Waar		
	1.3.14	Waar		
	1.3.15	Onwaar	(15 × 1)	(15)

Kopiereg voorbehou

1.4	1.4.1	C		
	1.4.2	A		
	1.4.3	F		
	1.4.4	E		
	1.4.5	B	(5 × 1)	(5)
1.5	1.5.1	Persoonlikheidstoets		
	1.5.2	Vervangingsopdrag		
	1.5.3	ABC metode		
	1.5.4	Selfbeoordeling/Selfevaluering		
	1.5.5	Ontruiming		
	1.5.6	Departement van Arbeid		
	1.5.7	Gestandaardiseerde resep		
	1.5.8	Kipper		
	1.5.9	Lae-sout dieet		
	1.5.10	Bokoste	(10 × 1)	(10)
				[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1 ’n Proses van evaluering van ’n werknemer se prestasie,✓ op ’n spesifieke tyd ✓ asook ’n evaluering van die beoordelingsproses ✓ (3)

2.1.2 A Chef de poisson✓ of chef de rotisseur✓ (Enige EEN) (1)

B Commis chef✓ (1)

C Chef de partie✓ of Sous chef✓ (Enige EEN) (1)

2.1.3
- Portuur – kan die dag-vir-dag terugvoer oor die werknemer gee aangesien hulle saam met hulle werk✓.
- Ondergeskikte – kan ’n siening gee van hulle hoof se bestuursvaardighede.
- Bestuurder – kan werknemer se sterkpunte en kenmerke of enige hindernisse wat bevorderingsgeleenthede beklemtoon. (3)

2.1.4
- Die bestuurder moet terugvoer met Mickal bespreek en terugvoer aan Mickal gee oor haar gedrag, kennis en vaardighede✓
- Die bestuurder kan Mickal prys vir die dinge wat goed gedoen is ✓ en voorstelle maak waar sy kan verbeter ✓
- Dit is ’n geleentheid vir die bestuurder om die kwessies te bespreek ✓ wat Mickal se prestasie negatief beïnvloed ✓ en saam positiewe oplossings vind✓
- Die bestuurder sal terugvoer op ’n konstruktiewe manier gee en nie op ’n destruktiewe manier nie✓ om by te dra tot Mickal se ontwikkeling✓
- Die bestuurder sal help om ’n plan van aksie op te stel ✓ om Mickal se gedrag en vaardighede te verbeter ✓ deur die terugvoer wat gegee word
- Opvolgbesprekings en remediërende stappe kan ooreengekom en beplan word✓ (4 × 1) (4)

2.1.5
- Spesifiek✓ – sy wil ’n aanlyn fyngebakkursus voltooi om haar voor te berei vir die komende fyngebakkompetisie✓
- Meetbaar✓ – sy kan die resultate of voltooiing van die kursusaktiwiteite gebruik om haar vordering te meet terwyl sy hierdie kursus doen✓
- Haalbaar✓ – sy werk reeds as ’n fyngebaksjef wat haar selfvertroue gee om haar vaardighede en kennis te verbeter ✓
- Relevant✓ – Om ’n aanlyn fyngebakkursus te doen, sal haar bemagtig om meer te leer en goed te doen met die fyngebakkompetisie✓
- Tydsraamwerk✓ – Sy het ses maande om vir die fyngebakkompetisie voor te berei✓ (5 × 2) (10)

2.1.6
- Omdat dit die fyngebaksjef in staat stel om haar studies tuis te voltooi
- Sy kan op haar foon of tablet toegang kry tot die kursusmateriaal sodat sy tydens etenstye by die werk ook kan studeer (1)

2.2

Vaardigheid om te ontwikkel	**Uitkoms 2.2.1**	**Opleidings-ontwikkelings-aktiwiteite 2.2.2**	**Modus van aflewering 2.2.3**	**Tyds-raam-werk**	**Ondersteuningpersone 2.2.4**
Produseer ’n kaaskoek	• Berei ’n basis vir die kaaskoek voor • Berei ’n geskikte kaaskoek-bolaag voor • Berei ’n geskikte bolaag vir ’n kaaskoek voor (Enige 2 × 1)	• Lees deur die kaaskoek-resepte • Kyk video’s oor die voorbereiding van kaaskoeke aanlyn • Help die fyngebaksjef met die voorbereiding van kaaskoeke • Oefen hoe om kaaskoek te maak • Woon kookkursusse by (Enige 2 × 1)	• Interne opleiding • Bestudeer handleidings • Kyk aanlyn video’s • Lees aanlyn resepte • Woon kookkursusse by (Enige 2×1)	2 weke	• Fyngebak-sjef • Chef de partie • Uitvoerende sjef • Aanlyn tutors • Kookklas-instruk-teur (Enige 2 × 1)

(8)

(4 × 2)

2.3 2.3.1
- Werknemers se prestasie kan dalk nie verbeter nie ✓
- Werknemers is dalk nie in staat om hulle prestasie na te volg nie✓ en hersien watter alternatiewe aksies geneem moet word om vaardighede te verbeter✓
- Werknemers kan gefrustreerd en gedemotiveerd word ✓ aangesien hulle nie hulle verbetering sien nie en deurlopende ondersteuning kry nie✓
- Werknemers kan hulle doelwitte uit die oog verloor ✓
- Werknemers kan verlate en ononderseun voel✓ (4)

2.3.2
- Die werkgewer kan gefrustreerd raak met die werknemer as hulle dieselfde foute herhaal✓
- Die werkgewer kan van die werknemer verwag ✓ om take uit te voer waarvoor hulle nie die nodige vaardighede het nie ✓
- Die werkgewer sal nie bewus wees van enige ondersteuning wat die werknemer nodig het nie ✓
- Die onderneming kan kliënte en/of geld verloor ✓ as gevolg van werknemers wat nie hulle take voltooi soos verlang word nie (4)

2.4

INTERN	EKSTERN
• Brandweerbeampte • Gesondheids- en veiligheidsbeampte • Bestuurder/Eienaar • Sekuriteit	• Bom-eenheid • Blitspatrollie • Brandweerafdeling • Polisie • Gesondheidsdienste • Gifsentrum • Kinderwelsyn • Childline • Post-traumatiese stresberading • Hospitale

(Enige 2 × 2) (4)

2.5
- Hou afsonderlike vergaderings met die verskillende vlakke; ✓ op daardie manier kan ’n mens doeltreffend met die verskillende vlakke kommunikeer ✓
- Bestuur van die vergaderings in klein groepe ✓ wat individue meer gemaklik sal maak om te praat ✓ wat dit moontlik maak om meer vrae te vra en beantwoord✓.
- Kommunikasie met die kombuispersoneel kan in meer informele taal gedoen word,✓ en met die hoofbestuurder sal meer formele taal gebruik word ✓
- Jy kan tydens hulle etenstyd met die kombuispersoneel kommunikeer✓ maar ’n afspraak moet met die hoofbestuurder gemaak word.✓
- Gebruik prente en praktiese demonstrasies wanneer met die kombuispersoneel gekommunikeer word✓ en gebruik statistieke en syfers of ’n formele verslag vir die bestuurder.✓ (3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 3

3.1
- Koerante
- Regeringsagentskappe
- Ondersteuningsagentskappe
- Internet
- Handelskoue/Uitstallings
- Tydskrifte
- Persoonlike kontak met sake-eienaars (Enige 4 × 1) (4)

3.2 3.2.1
- EEN tot TIEN eienaars word toegelaat
- ’n Jaarlikse oudit word deur die wet vereis
- Die wins moet gelykop tussen al die eienaars verdeel word
- Geen beperking op die kapitaalbydraes nie
- Die besigheid is ’n afsonderlike regsentiteit (5)

3.2.2
- Slegs een eienaar toegelaat
- Geen oudit word vereis nie
- Die eienaar kry al die wins en besluit wat om daarmee te doen
- Die kapitaal word beperk tot die bydrae van die eienaar
- Die besigheid is nie ’n afsonderlike regsentiteit nie (5)

3.3
- Thembi kan geld en tyd mors deur na die verkeerde plek te gaan ✓
- Thembi kan geld mors om vir iets aansoek te doen wat nie meer geldig is nie ✓
- Thembi kan tyd mors deur te wag vir ’n antwoord ✓ en geen reaksie kry nie
- Thembi kan geld verloor/kan gedagvaar word as iets misleidend is ✓ en ’n kliënt geaffekteer word✓
- Thembi kan regsprobleme kry✓ (5)

3.4
- Die persoon wat die besigheid begin, moet volle regskapasiteit hê
- Die tipe sake-aktiwiteit wat onderneem word, moet genoem word
- Registreer die naam van die besigheid by CIPRO
- Registrasie van patente, handelsname en ontwerpe moet gedoen word
- Enige spesiale lisensiëring moet gedoen word
- Moet voldoen aan die wetlikheid van die betrokke bedryf
- Registrasie by SAID, WVF, SETA en vergoedingskommissaris moet gedoen word (Enige 2 × 1) (2)

3.5

Voordeel	Nadeel
• Geen baas, vryheid om haar eie doelwitte te stel • Visie – sy kan haar merk maak • Beheer – sy is in beheer; niemand kan vir haar maatskappy besluit nie • Keuse – Dar is geen beleide oor die uitleg en atmosfeer van haar besigheid, sy kan kies volgens haar eie voorkeur • Haar ambisie word net beperk deur haar eie vermoë om te groei • Werk by die huis – besluit oor haar eie werktye • Sy kan haar span kies – sy is beheer van die aanstelling van haar eie span om vir haar te werk • Sy kry al die erkenning • Sy kan haar salaris bepaal (Enige 3 × 1)	• Minder finansiële sekuriteit • Geen gratis voordele nie • Sy is verantwoordelik vir die papierwerk en om belastings te betaal • Sy kan ’n afname in haar lewenskwaliteit ondervind • Sy kan druk ervaar om suksesvol te wees • Sy kan entrepreneuriese stres ervaar • Sy kan meer verantwoordelikhede hê • Geen werk geen betaling • Sy kan minder of geen vakansiedae hê (Enige 3 × 1)

(6)

3.6 3.6.1 Om met rekenaar sagteware te werk (1)

3.6.2 As sy nie ’n funksionerende bedryfstelsel het nie ✓ sal sy nie die app kan bekendstel nie ✓ wat sal beteken dat haar besigheid kan misluk ✓ en nie winsgewend sal wees nie.✓ Mense sal die app nie vertrou en gebruik as dit foutief is nie. ✓ (3 × 1) (3)

3.6.3
- Thembi kan ’n kursus in rekenaar sagteware volg
- Thembi kan oefen om op rekenaars te werk
- Thembi kan iemand met ervaring vra vir leiding (2 × 1)

(2)

3.7 Sosiale media bereik miljoene mense ✓ en spesifiek die teikenmarkte ✓ vir wie sy wil adverteer. Dit is wêreldwye reklame.✓
- Facebook✓
- LinkdIn✓
- Tiktok✓
- WhatsApp✓
- YouTube✓
- Instagram✓
- Twitter✓ (3)

3.8
- Sy kan instellings van die gasvryheidsbedryf toelaat om hulle fasiliteite en dienste op haar mobiele applikasie te adverteer.

(Aanvaar enige relevante kreatiewe idee) (1)

3.9
- Kontroleer dat die hefboom beveilig is en nie in die afgedrukte posisie nie
- Kontroleer dat blusser teen die korrekte druk is
- Kontroleer dat die blusser binne die afgelope jaar gediens is
- Kontroleer dat die blusserpyp heel is (Enige 4 × 1) (4)

3.10 Dit is ’n teken met ’n wit agtergrond,✓ groen hardlopende figure✓ wat die uitgang met ’n pyltjie in die rigting van die uitgang aandui ✓ (3)

3.11
- Beplan sekuriteitskontroles
- Reël die sekuriteitskontroles met die sekuriteitspersoneel
- Voer die sekuriteitskontroles onverwags uit
- Laat die sekuriteitspersoneel die kosvoorbereidingsarea kontroleer
- Laat die sekuriteitspersoneel die kombuispersoneel kontroleer
- Sekuriteitspersoneel moet gender sensitief wees wanneer die kombuispersoneel deursoek word
- Ná die ondersoek, kan die bestuurder met die kombuispersoneel praat en die rede vir die verrassingsondersoek verduidelik
- Installeer CCTV kameras in die voorbereidingsarea
- Gaan sekuriteitsbeeldmateriaal gereeld
- Reik voorraad aan personeel uit in plaas daarvan dat personeel self voorraad uit die stoorareas neem
- Laat sekuriteit die personeel na hulle sluitkaste vergesel en laat die personeel hulle sluitkaste oopsluit om deursoek te word (6)

- Deursoek handsakke en personeel se sakke wanneer hulle van diens gaan (6 × 1)

[50]

VRAAG 4

4.1
- Vaste prys per menu
- Beperkte koskeuse
- Kos word vooraf voorberei
- Korter wagtye vir kos
- Menu word in groot spysenieringsfunksies gebruik word, soos troue of feesvierings
- Messegoed kan vooraf gedek word (Enige 2 × 1) (2)

4.2 4.2.1
- Geroosterde skorsiesop
- Gerookte salm met melba roosterbrood
- Vanieljeroomys met sjokoladesous (Enige 1 × 1)

- Omdat daar geen vark ingesluit is nie
- Omdat daar geen suiwel- en vleiskombinasies is nie (Enige 1 × 1) (2)

4.2.2
- Geroosterde skorsiesop
- Varklies en geroosterde groente
- Vanieljeroomys met sjokoladesous (Enige 1 × 1)

Daar is geen koring in hierdie geregte nie en dus geen gluten nie. (1) (2)

4.2.3
- Geroosterde skorsiesop
- Geroosterde groente
- Appelkrummelpoeding (Enige 1 × 1)

Daar is geen diereprodukte in hierdie geregte nie. (1) (2)

4.2.4
- Geroosterde skorsiesop
- Vanieljeroomys met sjokoladesous (Enige 1 × 1)

Die kositems het ’n sagte tekstuur en is maklik om te kou en verteer. (1) (2)

4.2.5
- Geroosterde skorsiesop
- Gerookte salm en melba roosterbrood (Enige 1 × 1)

Lae-vet kositems✓, die vet daarin word as goeie vet beskou ✓.
Daar is geen suiker ✓ of verwerkte koolhidrate daarin nie ✓ (Enige 1 × 1) (2)

(5 × 2) (10)

4.3 • Persone met 'n lae-sout dieet moet hulle soutinname beperk ✓ en moet dus die Griekse slaai vermy aangesien dit feta kaas✓ en soms olywe bevat ✓ wat albei baie souterig is. ✓ (2)

4.4 • Laat die kombuispersoneel al 3 die roomyse proe wat hy gemaak het ✓ en kry hulle terugvoer,✓ die een wat die meeste stemme kry, kan bedien word. ✓ (Enige 1) (1)

4.5

MENU✓

AANDETE✓

Voorgereg

Geroosterde skorsiesop✓
Of
Gerookte salm met melba roosterbrood✓

Hoofgereg

Beesvleislasagne met Griekse slaai✓
Of
Varklies met geroosterde groente✓

Nagereg

Vanieljeroomys met sjokoladesous✓
Of
Appelkrummelpoeding met Chantilly-room✓

Tee / Koffie✓

Gesentreer
Raam- } (net 1 punt toegeken as al drie ✓ teenwoordig en korrek is)
spasiëring

LET OP:
Geregte wat by elke gang genoem word, kan in die gang uitgeruil word. (10)

4.6 *Let wel: 90÷12 = 'n faktor van 7.5

4.6.1 Margarien 250 g × 7.5 = 1875 g/1,875 kg✓
4.6.2 Koekmeel 400 g × 7.5 = 3000 g/3 kg✓
4.6.3 Strooisuiker 380 g × 7.5 = 2 850 g/2,850 kg✓
4.6.4 Eiers 4 × 7.5 = 30✓
4.6.5 Rosyne 100g × 7.5 = 750 g / 0.75kg✓
4.6.6 Geblikte appels 300g × 7.5 = 2250 g/2,25 kg✓
4.6.7 Fyn kaneel 20 ml x 7.5 = 150 ml✓
4.6.8 Neutmuskaat 5 ml × 7.5 = 37,5 ml✓

4.6.9 Klapper 180 ml × 7.5 = 1350 ml/1,35 l✓

4.6.10 Bakpoeier 10ml × 7.5 = 75 ml✓

*Aantekening vir nasieners: as die student die bestanddele uitgewerk het deur die verkeerde faktor te gebruik, penaliseer hom/haar een keer – moenie al 10 verkeerd merk as hulle berekenings korrek is maar die faktor wat hulle gebruik het verkeerd is nie (10 × 1) (10)

4.7 4.7.1

- Die korrekte ✓ toerusting moet beskikbaar wees om die kos op die menu voor te berei
- Personeel moet in staat wees om met die toerusting te werk ✓om die kositems voor te berei
- Die menu-items moet beplan word sodat die werklas eweredig verdeel word ✓ vir die beskikbare toerusting om te verhoed dat een stuk gereedskap nie oorlaai word nie (Enige 2 × 1) (2)

4.7.2

- Personeel moet die bestanddele ken ✓ wat in die gereg gebruik word
- Personeel moet weet hoe om die toerusting te gebruik ✓ om die menu-items voor te berei
- Personeel moet in staat wees om die kos korrek voor te berei ✓
- Personeel moet in staat wees om die kos korrek te bedien ✓

(Enige 2 × 1) (2)

4.8 4.8.1 Stappe om te doen wanneer ’n bomdreigement oor die foon gekry word

1. Neem dit ernstig op✓
2. Moenie probeer uitvind of dit ’n poets is of nie ✓
3. Bly kalm✓
4. Skryf die datum,✓ tyd,✓ beskrywing van die stem neer ✓
5. Wanneer die besonderhede neergeskryf is, lig die toesighouer in ✓
6. Wanneer die bestuurder of veiligheidsbeampte die opdrag gegee het, verlaat die gebou ✓ (Enige 4 × 1) (4)

4.8.2

- Die bom word dalk nie gevind nie en kan ontplof wat skade✓ en lewensverlies✓ kan veroorsaak
- Die persoon kan paniek onder die personeel en gaste veroorsaak ✓ wat tot besering of skade kan lei ✓
- Die polisie het dalk nie al die feite nie ✓ wat ’n vertraging kan veroorsaak om die bom te vind ✓
- As die stappe nie korrek gevolg word nie, kan dit implikasies vir versekeringseise hê ✓ wat moontlik betaal moet word en regstappe kan geneem word✓ (Enige 2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

4.9
- Diefstal kan uit die kantoor voorkom ✓ wat veroorsaak dat die maatskappy geld verloor en kliënte onveilig voel
- Skade aan eiendom ✓ wat die maatskappy geld kan kos en hulle versekeringspremies kan verhoog word
- Vertroulike inligting ✓ soos handelsgeheime kan gelek/nageboots word en die maatskappy kan sy invloed in die bedryf verloor

(3)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200